# GEMEENTEBULLETIN

## SONDAG 4 DESEMBER 2022

Oggenddiens 09:00 in die kerk en aanlyn | Ds. Potgieter (3)

Familiediens 09:00 in die kleinsaal en aanlyn | Ds.Visser (8)

Meditatiewe diens 09:00 in die kapel en aanlyn | Ds. Dietmann

Aanddiens 18:00 in die kerk en aanlyn | Ds. Schoombie

## DOOP VANDAG

In die kerk:

- Leon en Janina de Wit, laat doop vir Martie de Wit.
- Gert en Mariëtte du Toit, laat doop vir Anlia du Toit.


In die kleinsaal:

- Eric en Cari van de Vyver, laat doop vir Truter van de Vyver.
- Anzel Gouws en Nico Zeelie, laat doop vir Anke Zeelie.
- Roy en Mari Zeelie, laat doop vir Clara Zeelie.

## TIENDEMAANDINSAMELING 2022

Ons is baie dankbaar teenoor elke lidmaat wat tot die tiendemaandinsameling bygedra het. Lidmate het steeds geleentheid om 'n bydrae te maak deur hul bydrae in die dankofferkoevert te plaas, of elektronies of met SnapScan te betaal. Koeverte kan in die kollektebord, of in die kluis in die voorportaal van die kerk, of in die posbus by die kerkkantoor geplaas word. Sien bladsy 4 vir bankbesonderhede. Die insameling staan nou op

**R 1 025 773.**




### KONTAK ONS

021 976 4519

WhatsApp 081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

### DEUROFFERS

Klipheuwel-crèche

Die crèche in die informele nedersetting Klipheuwel bied gehaltesorg en -onderrig aan kinders afkomstig uit minderbevoorregte huise.

.

## GRAAD 8-KAMP 2023

Alle graad 8's wat in 2023 by die hoërskool inskakel, word uitgenooi na die jaarlikse graad 8-kamp. Die kamp, met kamptema *Into the unknown* sal jou voorberei op inskakeling by 'n hoërskool. Die kamp word vanaf 13 tot 15 Januarie by die Apostelbatterykampterrein, Llandudno, aangebied. Inskrywings kan aanlyn op **www.stellenberg.co.za** gedoen word. Navrae: sunet@stellenberg.co.za.

## STUDENTE-BRAAI

Ons nooi alle studente (naskoolse jongmense) na 'n lekker saamkuier geleentheid op Woensdag 7 Desember om 18:30 in die markplein. Bring jou eie vleis, drinkgoed, bord, glas en eetgerei en kom kuier saam.

## KATEGESE-REGISTRASIE 2023

Registreer asseblief jou kind/kinders vir kategese in 2023 deur die aanlyn vorm op die gemeente-webwerf te voltooi. Registrasiegeld vir die jaar is R200 per kind en word aangewend om die koste van materiaal te dek. Die registrasiegeld word saam met die inskrywing betaal.

## ANNIBRAND AFSLUITING | VANDAG

Pak 'n piekniekmandjie en swemklere en kom geniet ons jaarafsluiting met *slip-a-slide* en baie pret. Annibrand-juniorgroepe en ouers kom vanaf 10:00 tot 12:00 byeen en die seniors vanaf 18:00 tot 20:00.

## EREDIENSTE TYDENS DIE SKOOLVAKANSIE

Die volgende eredienste word tydens die komende skoolvakansie in die kerk en aanlyn aangebied.

Sondag 18 Des. | Oggenddiens 09:00 - Ds. Visser

Sondag 25 Des. | Kersdienste om 07:30, 08:30 en 09:30 - Ds. Visser

Sondag 1 Jan. | Oggenddiens 09:00 - Ds. Breytenbach

Sondag 8 Jan. | Oggenddiens 09:00 - Ds. Duvenhage

Sondag 15 Jan. | Oggenddiens 09:00 - Ds. Breytenbach

### KLEUTERKERK

09:00 in die grootsaal

### ANNIBRAND JUNIOR

Afsluiting vanaf 10:00 tot 12:00.

### ANNIBRAND SENIOR

Afsluiting om 18:00.

### VROUEBYBELSTUDIE

Die Bybelstudiegroep vir vroue kom elke Maandag om 10:00 (slegs tydens skoolkwartale) in die ou kafeteria-area byeen. 'n Biduurbyeenkoms om 09:15 in die gebedskamer langs die kapel word voor die Bybelstudie aangebied.

## BESOEK AAN KLIPHEUWEL

Op Sondag 11 Desember besoek ons die gemeenskap van Klipheuwel. Ons woon die erediens saam met hulle by en gaan na die diens saam tee/koffie geniet en saamkuier. Die groep vertrek om 09:00 van die markplein af. Kontak gerus vir ds. René Potgieter 079 893 8104 met enige navrae.

## MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van Marthinus Wessel (Thinus) Pretorius (1/12/1952 - 25/11/2022). Hy was sedert 1995 'n lidmaat van die gemeente. Ons opregte meegevoel met sy vrou, Amanda, asook sy dogters Tania, en Heidi, wat hy agterlaat. Heidi Swanepoel is ook 'n lidmaat van die gemeente. Gedenkdiensreëlings is nog nie bekend nie.

## MI CHANGE-KOEPONNE

Jy kan ook nou 'n verskil maak en op 'n verantwoordelike wyse hulp aan haweloses verleen. Mi-Change-koeponne is by die kerkkantoor beskikbaar. Koop 'n koepon teen R50 en skenk dit aan 'n hawelose persoon. Met die koepon kan die ontvanger by enige MES-sentrum 'n maaltyd, slaapplek, 'n stort en 'n kombers bekom.

## KOSPAKKIES | RUYTERWACHT

Ruyterwacht Dienssentrum wil graag met die oog op die feesgety kospakkies aan hulle bejaarde lede skenk. Hulle benodig die volgende bydraes:

- Kookolie 500 ml
- Blikkie *bully beef*
- Blikkie *baked beans*
- Ricoffy 100 g
- Suiker 1 kg
- Rys 500 g
- Macaroni 500 g
  Gee bydraes asseblief voor 9 Desember by die kerkkantoor af. Kontantbydraes is ook welkom en kan elektroniese oorgeplaas word. Gebruik Ruyterwacth as verwysing.

### ASEMSKEP-GEBEDSGROEP

Elke Dinsdagaand om 18:30 in die kapel. Enige iemand is welkom, sluit gerus by ons aan.

### STELLENBERG TERAPIESENTRUM

Die sentrum bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute asook 'n besigheids- en lewensafrigter se dienste is ook beskikbaar. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 4519 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na therapy@ stellenberg.co.za.

Na-ure skakel 083 519 0602.

## SLUIT BY ONS WHATSAPP-GROEPE AAN

Skandeer enige van die QR-kodes hier onder om by die WhatsApp-groep van jou keuse aan te sluit.

**Bulletin en aanlyn oggenddiens**

**Daaglikse dagstukke**

**Nuusbrokkies vir jongvolwassenes**

**Tafelgesprekke vir families**

## BROADCAST-LYS

Stoor die gemeente se WhatsApp-nommer (081 045 2428) op jou foon en raak deel van die gemeente se *broadcast*-lys sodat jy nuusbrokkies via WhatsApp kan ontvang. Dit is nie 'n WhatsApp-groep nie, wat beteken jou selnommer en ander lede se selfoonnommers is nie sigbaar op die lys nie. Stuur jou naam en van per WhatsApp na 081 045 2428 om op die *broadcast*-lys geplaas te word.

## FINANSIËLE BYDRAES

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

### Kontantbydraes

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

### SnapScan

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

Donderdag 8 Des. 15:00

Psalm 73: Here, moet my asseblief nie vergeet nou dat ek oud en grys geword het nie!

### HUISDIENS

Sondag 11 Des. 18:00

Psalm 80: God draai nooit sy rug op ons nie.

### OMGEESTOOR

Die omgeestoor samel tweedehandse klere in en deel dit uit aan minderbevoorregte persone, of besorg die klere aan instansies wat dienste aan minderbevoorregte persone lewer. Gee gerus bruikbare tweedehandse klere by die kerkkantoor af. Ons sorteer dit en versprei volgens behoefte.